

Adventsfees van 'n asempie

Jesaja 2 begin met die grootse profesie van God se advent of koms op Sion ... en dit eindig met 'n skamele asempie. Hierdie begin en hierdie einde pas presies by mekaar. Voor God se oorweldigende rykdom van genade kan jy en ek mos nie anders staan as 'n bewende bedelaar wat weet dat ons in onself deur ons sondes dood is nie. "Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is, want hoe min is hy werd ..." (vs 22, OAV).

Die grootste deel van die hoofstuk (vanaf vs 6) is juis daaraan gewy om alle hoogmoed en eiewaan uit mense se hande weg te slaan deur oordeelsaankondigings. Ons klein "adampies" – nakomelinge van die eerste "adam" – het ons asempies van God ontvang (Gen 2:7); Hy neem dit op sy tyd weer weg (Ps 146:4). Hoe kan ons – ook ons vandag! – ons dan verbeel dat ons soos God kan wees? Die Drieënige God alleen het die lewe in Homself; net in Hom "lewe ons, beweeg ons en is ons" (HK 17:28).

Tog het Een uit hierdie Drieëenheid – Lig uit Lig – mens geword: asem van ons asem, bloed van ons bloed, vlees van ons vlees. Hy het ook 'n asempie geword, 'n kersie in die wind; aan ons in alles gelyk, uitgesonderd die sonde. Maar juis só was Hy die laaste Adam en het Hy "die lewendmakende Gees geword" (1 Kor 15:45).

Hoe kan ek en jy hierdie lewensvolheid anders as met die leë hande van geloof ontvang?

Sing: Psalm 103:8 (1936)

Dr. PP Kruger (Meyerspark)